DIE VERMINDERING VAN DIE LEDETAL VAN DIE ALGEMENE KERK-VERGADERING

PROF. DR. A. D. PONT

Met sy promosie aan die Rijksuniversiteit te Groningen op 21 Januarie 1954 het prof. E. S. Mulder sy proefskrif, **Die Teologie van die Jesaja-Apokalipse,** en die daaraan toegevoegde stellings teen die bedenkings van die Fakulteit Godsgeleerdheid, onder voorsitterskap van die destydse Rector-Magnificus Jhr. Dr. P. J. van Winter, verdedig[1]). Skrywer van hierdie artikel het die voorreg gehad om by dié geleentheid as paranimf van die promovendus op te tree. Later van 1957 tot einde 1970, het hy die verdere voorreg geniet om as kollega langs prof. E. S. Mulder in die Teologiese Fakulteit Afd. A aan die Universiteit van Pretoria werksaam te wees. Waar prof. Mulder nou uittree as hoogleraar en hoof van die Departement Ou Testamentiese Wetenskap en ook as Dekaan van die Fakulteitsafdeling A, 'n taak wat hy vanaf 1960 met onderskeiding verrig het, wil dit voorkom dat daar gevoeglik teruggegaan kan word na die jaar 1954. Want in die **Stellings** wat prof. Mulder destyds aan sy proefskrif toegevoeg het, kom daar 'n stelling voor wat vanaf 1954 in die ruimte van die Kerk, aan aktualiteit gewen het. Enersyds was dit byna vanselfsprekend dat prof. Mulder in 1954 so 'n stelling sou gemaak het want as Vise-Skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en as een van diégene wat ten nouste gemoeid was met die opstel van die Kerkwet wat in 1951 aanvaar is, het prof. Mulder van naby die organisatoriese probleme van die Kerk geken. **Stelling XI** wat prof. Mulder in 1954 gemaak het, het as volg gelui:

> „Die snelle uitbreiding van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika maak die vermindering van die ledetal van die Algemene Kerkvergadering noodsaaklik."

Ter verduideliking het prof. Mulder daaraan toegevoeg:

> „Die Algemene Kerkvergadering is saamgestel uit alle diensdoende predikante van die Kerk, hoogstens twee afgevaardigdes uit elke gemeente en die teologiese professore van die Kerk."

Dit het in 1954 beteken dat die Algemene Kerkvergadering, as almal wat geregtig was om sitting te neem, ook sou gekom het, sou bestaan het uit 98 predikante, 346 afgevaardigdes van

---

[1]) E. S. Mulder, **Die Teologie van die Jesaja-Apokalipse, Jesaja 24-27,** Groningen 1954.

173 gemeentes en vyf teologiese professore[2]). Dit beteken dat die Algemene Kerkvergadering in 1954 bestaan het uit 'n totaal van 449 lede as almal wat geregtig was om sitting te neem inderdaad ook teenwoordig was. Omdat vanaf 1954 tot 1970 geen daadwerklike beslissings in hierdie verband geneem is nie, was die Algemene Kerkvergadering wat in 1970 gehou is dan ook 'n besondere groot vergadering. Die vergadering kon bestaan het uit 154 predikante, 490 afgevaardigdes van 245 gemeentes en ses teologiese professore, 'n moontlike totaal dus van 650 lede. Vanweë verskillende redes het die vergadering nie dié grootte bereik nie. Tog was dit duidelik dat die Algemene Kerkvergadering vanweë sy grootte die karakter begin kry van 'n kongres en dat dit nie meer in die volle sin van die woord 'n vergadering is nie waar alleen na sorgvuldige beraadslaging, oorlegpleging en debat oorgegaan word tot die neem van besluite.

Afgesien van die enorme koste van so 'n vergadering met 650 lede wat ongeveer 10 tot 14 dae in sitting is, is daar egter ander wesenlike en selfs prinsipiële besware teen so 'n groot vergadering. Die belangrikste beswaar is sekerlik dat 'n wesenlike debat oor sake van groot en prinsipiële belang feitlik op so 'n vergadering nie meer moontlik is nie. Dit gebeur vanweë die noodsaaklike tydsbeperking wat op spreekbeurte geplaas is[3]) en dié is tog van só 'n aard dat dit 'n indringende bespreking van wesenlik-belangrike aangeleenthede byna onmoontlik maak. Tydens die 1970-byeenkoms van die Algemene Kerkvergadering het die vergadering self sy eie onmag om prinsipieel-belangrike aangeleenthede sorgvuldig te oorweeg en uitvoerig te bespreek, te kenne gegee toe 'n nuwe konsepvertaling van die Nederlandse Geloofsbelydenis nié deur die Vergadering self behandel is nie maar na die Predikantevergadering vir studie, kommentaar en aanbeveling verwys is. As daar een saak is wat die Algemene Kerkvergadering nié uit sy hande behoort te gee nie, is dit juis so 'n aangeleentheid waar die Belydenis van die Kerk pertinent aan die orde gestel word.

Hoewel die aanbevelings en opmerkings van die Predikantevergadering uitendelik weer op die Algemene Kerkvergadering se Agenda sal verskyn, wil dit tog voorkom asof die vergadering 'n baie omslagtige prosedure gevolg het. Buitendien bestaan die

---

[2]) **Vgl. Almanak van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika**, Krugersdorp 1955.

[3]) **Vgl. Reglement van Orde in gebruik by die Algemene Kerkvergadering, arts. 3 en 4.**

moontlikheid nou dat die Algemene Kerkvergadering, wanneer dié aangeleentheid weer ter sprake kom, slegs sal handel oor die aanbeveling en opmerkings van die Predikantevergadering sonder om self hierdie voorgestelde vertaling noukeurig te kontroleer. Dit kan die indruk skep dat wanneer oor die Belydenis of sy vertaling gehandel word, die ouderlinge van die Kerk op die agter grond geskuiwe word. Dat selfs 'n sweem van so-iets nie behoort plaas te vind nie, spreek tog vanself veral as die **Formulier vir die Bevestiging van Ouderlinge** sy volle geldigheid moet behou[4]). Tóg kan die besluit van die Algemene Kerkvergadering, as die praktiese omstandighede in ag geneem word, baie goed begryp word. Want dit is 'n oop vraag of 'n nuwe vertaling van die Geloofsbelydenis werklik indringend bespreek kán word op 'n vergadering wat uit meer as 600 lede bestaan. 'n Klein sommetjie toon aan dat as 600 lede van die vergadering elk net sy toegestane vyf minute per spreekbeurt praat, dan beteken dit dat die vergadering oor één saak of oor één aspek van 'n saak ses dae besig sal bly!

Ook ten opsigte van die voorgestelde diensordes vir die godsdiensoefeninge in die Kerk het die Algemene Vergadering besluit om dié saak eers vir kommentaar na die Kerkrade te verwys. Hoewel daar geen beswaar kan wees dat n' Algemene Vergadering 'n belangrike saak eers terugverwys na die Kerkraadsvergaderings nie, is dit tog so dat dié vergaderings reeds vóór die Algemene Vergadering die Agenda tot hulle beskikking gehad het. Dit was dus moontlik dat die afgevaardigdes oor hierdie saak goed voorberei kon gewees het. Daarom wil dit voorkom asof die Algemene Kerkvergadering self besef het dat 'n volstandige bespreking van die voorgestelde diensordes byna nie moontlik is nie en daarom op terugverwysing besluit het.

Met hierdie twee voorbeelde word getrag om aan te toon dat die grootte van die Algemene Kerkvergadering probleme skep ten opsigte van die behandeling van veral belangrike en soms ingewikkelde aangeleenthede wat verreikende teologiese en praktiese konsekwensies kan hê. Die vraag kom dus op of die Algemene Vergadering vanweë sy groot ledetal altyd dit voor oë het dat die Vergadering op grond van Gods Woord alléén en

---

[4]) Hier word veral verwys na die derde aspek van die amp van die ouderling soos dit in die Formulier uiteengesit word naamlik die opdrag om „toesig te hou oor die leer en wandel van die dienaars van die Woord . . . " In hierdie verband is die ouderling spesifiek verplig om die Woord van God ywerig te ondersoek en hulle gedurig te oefen in die oordenking van die verborgenhede van die geloof.

in opsien na die leiding van die Heilige Gees sy beslissings moet neem[5]).

Die grootte van die vergadering bring ook, byna as vanselfsprekend mee, dat die Vergadering hom al meer laat lei deur adviserende kommissies of vooraf-beskikbaar-gestelde rapporte. Juis die spreekbeurtreëling bring dit op sy beurt weer mee dat dit tydens die Vergadering moeilik vir één spreker is om sowel bepaalde aangeleenthede te behandel en dan ook nog 'n voorafgaande rapport van „kanttekeninge" te voorsien. Dit bring byna vanselfsprekend 'n sekere groepvorming op die Algemene Vergadering mee wat juis nie bevorderlik is vir die gees en gesindheid van die vergadering nie.

Hoewel hierdie bogenoemde argument nie altyd volledig opgaan nie, is dit duidelik dat hierdie gestelde moontlikheid bestaan. Dit beteken dat die vergadering self in hy beoordeling van 'n bepaalde aangeleentheid èn sy ewentuele besluit reeds in 'n bepaalde rigting gestuur kan word en 'n beslissing kan neem wat nie werklik en ten volle die gedagtegang van die vergadering weerspieël nie[6]). Dit lyk nie noodsaaklik dat 'n situasie in die Kerk sal posvat wat op ekumeniese byeenkomste al normaal geword het nie naamlik dat die agenda en die notule van die vergadering gelyktydig, voor die aanvang van die vergadering, opgestel word nie.

By hierdie argumente kom dan ook nog die praktiese oorweging van die kostefaktor wat ook 'n bydrae lewer om die besprekings kort te knip. Enersyds kan dit 'n wins genoem word omdat dit meebring dat die standpuntstellings op die vergadering saaklik en op die punt af is. Waar dit in baie gevalle onnodiggerekte besprekings kortknip, is dit egter in ander gevalle weer 'n nadeel.

---

[5]) Hierdie argument word nie hier gevoer om die Algemene Kerkvergadering of sy werkwyse of die indiwiduele lede van die Vergadering te verkleineer nie. Tog bly dit 'n feit dat die algemene intelligensie-koëffisiënt van 'n vergadering daal na mate sy ledetal styg juis omdat dit in so 'n groot vergadering oneindig moeilik is om altyd al die lede se volle aandag stiptelik by die bespreking te bepaal sodat die vergadering op die meriete van die saak en die pro- en contra-argumente uitspraak sal gee en nié op grond van die meriete van diégene wat pro of contra 'n bepaalde aangeleentheid argumenteer nie. Daarby kom die feit dat enige spreker in 'n debat, juis vanweë die Orde-reglement, byna nooit die geleentheid vir repliek het nie. Dit maak 'n diskussie, 'n sorgvuldige afweeg van argumente baie moeilik. Miskien moet hier bygevoeg word dat met betrekking tot die langdurige debat oor Art. III van die Kerkwet wat op die Algemene Kerkvergadering van 1961 gevoer is, die bogenoemde argumente nie opgaan nie. Maar vir daardie debat is die Reglement van Orde dan ook tydelik opgeskort. Vir die normale voortgang van 'n Algemene Kerkvergadering is dit natuurlik nie altyd moontlik nie.

[6]) Die klassieke voorbeeld wat hier genoem kan word, is die Konsilie van Nicea waar die sogenaamde „middegroep" 'n beslissing help neem het waarmee hulle dit wesenlik nie eens was nie. Vandaar ook die „lydensgeskiedenis" van die Niceense Geloofsbelydenis in die oorsterse deel van die Kerk van 325 tot 381.

Hoewel daar nog meer argumente genoem kan word om die onnodige grootte van die Algemene Vergadering aan te dui, kan hiermee volstaan word. Dit is egter duidelik dat die Algemene Vergadering, al meer en meer, juis vanweë sy getalle, in 'n onbenydenswaardige dwang-posisie beland het. Hierdie situasie het prof. Mulder in 1954 duidelik onder oë gesien en daarteen 'n tydige waarskuwing laat hoor. Ongelukkig het die Algemene Vergadering sèlf, vanaf 1954, nog nie behoorlik aandag aan hierdie dilemma gegee nie sodat die probleem met verloop van tyd eerder gegroei as afgeneem het.

Hierdie hele situasie is natuurlik die resultaat van 'n bepaalde historiese groei. Daarom sal dit nodig wees om baie kortliks die agtergronde wat hier ter sake is, na te gaan.

Die eerste Algemene Kerkvergadering wat op Suid-Afrikaanse bodem gehou is, dateer uit die jaar 1824. Voor daardie tyd was daar, op een uitsondering na, geen meerdere vergadering vir die Kerk in die vaderland nie. Die uitsondering dateer uit die eerste periode van die Kerk se bestaan naamlik van 1652-1795 wanneer die Kerk onder die sorg van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie ressorteer.

Gedurende die sewentiende eeu was daar, byna vanselfsprekend, geen sprake van 'n meerdere vergadering nie aangesien daar slegs twee gemeentes was naamlik dié van Kaapstad en Stellenbosch. Maar gedurende die agtiende eeu het die behoefte aan 'n meerdere vergadering geleidelik saam met die groei van die Kerk, na vore gekom.

Hoewel die belange van die Kaapse gemeentes deur die Klassis Amsterdam behartig is, was daar vanweë die afstand tussen die gemeentes in die Kaapkolonie en die Klassikale vergadering in Nederland, 'n behoefte om bepaalde sake deur 'n meerdere vergadering in die Kaap te laat behandel en af te handel[7]).

Op 30 Augustus 1745 is 'n meerdere vergadering vir die eerste maal aan die Kaap gehou, 'n vergadering wat as 'n Klassikale vergadering beskryf is[8]) maar wat eerder 'n Gekombineerde Kerkraadsvergadering genoem kan word omdat dit nie oor al die bevoegdheid van 'n Klassikale vergadering beskik het nie[9]). Die verteenwoordiging van die Kerkrade op hierdie vergadering het bestaan uit die predikant en een ouderling van elke gemeente

---

[7]) Vgl. in hierdie verband die skrywe van ds. Henricus Beck aan die Klassis van Amsterdam, 21 April 1707, soos weergegee by C. Spoelstra, **Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika**, Amsterdam 1906, Dl. 1, blz. 43-44.
[8]) Vgl. C. Spoelstra, a.w., Dl. II, blz. 530.
[9]) C. Spoelstra, a.w., Dl. II, blz. 83.

behalwe dié van Kaapstad wat deur twee ouderlinge, benewens sy predikant, verteenwoordig is[10]). Hierdie vergadering wat vir die Kerk van groot waarde was, is om verskillende redes in 1759 weer afgeskaf en dit het beteken dat daar voorlopig geen meerdere vergaderings meer gehou kon word nie[11]).

Die eerste Algemene Kerkvergadering wat op 20 November 1824 in Kaapstad byeengekom het, is moontlik gemaak deur die **Privicioneele Kerken-orde** wat op 25 Julie 1804 deur Kommissaris-Generaal J. A. de Mist uitgevaardig is[12]). In Art. 46 van hierdie Owerheidsreëling is voorsiening gemaak vir die hou van 'n tweejaarlikse Algemene Kerkvergadering wat sal bestaan uit[13]):

> „Twee Predikanten en twee Ouderlingen der Hoofdplaats, en De Predikanten en een Ouderling uit elke Gemeente van de Buiten-Destrichten."

Dit het beteken dat die eerste Algemene Kerkvergadering wat op die vaderlandse bodem gehou is, saamgestel was uit elf predikante en elf ouderlinge namens die veertien Kerkraadsvergaderings wat die Kerk in die Kaapkolonie toe getel het[14]).

Die Kerkwet wat deur hierdie vergadering ontwerp is, het 'n verreikende betekenis gehad. Nie alleen het hierdie Kerkwet van 1824 tot 1842 in die Kaapkolonie gegeld, toe 'n verbeterde en uitgebreider Kerkwet vir die Kerk in die Kaapkolonie aanvaar is nie, maar hierdie 1824-Kerkwet is ook, so ver dit toepaslik was, deur die Voortrekkerkerk gebruik totdat in Transvaal in 1862 'n eie Kerkwet goedgekeur en aanvaar is[15]).

Hier in Suid-Afrika is dus, anders as in die Nederlandse Kerk, van die begin af 'n Algemene Kerkvergadering gehou waar alle predikante as vanselfsprekend en alle Kerkraadsvergaderings se verteenwoordigers lede van die Algemene Kerkvergadering of sinodale vergadering was.

In Nederland was die situasie enigsins anders. In die periode waar die reformatoriese kerkordes gegeld het, ongeveer 1568 tot 1816, is die Nasionale Sinodes saamgestel uit verteenwoordigers

---

10) C. Spoelstra, **a.w.**, Dl. II, blz. 534.
11) In hierdie verband sien J. D. Vorster, **Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie 1652-1792**, Potchefstroom 1956, bls. 111-122.
12) 'n Teks van hierdie **Kerkenordre** kan gevind word by A. Dreyer, **Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika**, Kaapstad 1936, Dl. III, bls 8 vgg.
13) A. Dreyer, **a.w.**, bls. 21.
14) **De Handelingen der Eerste Vergadering van de Algemeene Synode der Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika**, Kaapstad 1883, blz. 1. Ds. J. R. Kircherer was vanweë „huiselijke omstandigheden" nie aanwesig nie terwyl Graaf-Reinet en Swellendam geen ouderlinge gestuur het nie terwyl die gemeente Cradock en Beaufort glad geen verteenwoordigers gestuur het nie.
15) Vgl. S. P. Engelbrecht, **Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika**, Pretoria 1953, bls. 48.

van die verskillende Provinsiale of Partikuliere Sinodes. Die Nasionale Sinodes wat volgens dié beplanning elke drie jaar gehou sou word, sou bestaan het uit twee predikante en twee ouderlinge wat deur elke Provinsiale Sinode gestuur sou word[16]). Die jaarlikse Provinsiale Sinodes is op hulle beurt weer deur twee predikante en twee ouderlinge van elke Klassikale Vergadering binne die resort van die Provinsiale Sinode gevorm[17]). In daardie periode van die Nederlandse kerkinrigting is daar dus van die begin af gebruik gemaak van 'n trapsgewyse verteenwoordiging op die Sinodale vergaderings. Slegs op die Klassikale Vergadering is elke gemeente verteenwoordig maar dan ook net deur een predikant en een ouderling[18]). Gesien die feit dat in Nederland die groter stedelike gemeentes deur meerdere predikante bedien is, was dit van die begin af so dat nie alle predikante vanselfsprekend lede van die meerdere vergaderings van die Kerk was nie.

Met die Kerkorde wat in 1816 deur Koning Willem I aan die Nederlandse Kerk gegee is, is bepaal dat een predikant en een ouderling namens elke Provinsiale Kerkbestuur in die Sinode sitting sal neem[19]). Dit het, uit die aard van die saak, beteken dat die Sinode in hierdie bedeling, netsoos in die periode 1568 tot 1816 uit 'n betreklike geringe aantal lede bestaan het. So het die 1816-Kerkorde die trapsgewyse verteenwoordiging op die Sinodale vergadering gehandhaaf. Dit het wel beteken dat die meerdere vergadering 'n betreklike klein vergadering, wat sy ledetal betref, was. Omdat die rotasiesisteem van verteenwoordiging nà 1816 nie terselfdertyd gehandhaaf is nie, het dit, wat Nederland betref, 'n sekere oligargisme in die hand gewerk wat tot nadeel van die Kerk was.

Waarskynlik vanweë die feit dat die Algemene Kerkvergadering wat in 1824 in Kaapstad gehou is maar deur verteenwoordigers van veertien Kerkrade gevorm is en eers dáár aandag gegee is aan die indeling van die gemeentes in Ringsvergaderings[20]), is die gebruik van trapsgewyse verteenwoordiging op die meerdere vergadering hiér nie ingevoer nie. Dit is natuurlik ook moontlik omdat selfs aan die Kaap in 1824 die herinnering aan die reformatoriese presbiteriaal-sinodale kerkregeringsisteem al vervaag het. Dit het meegebring dat die kollegialistiese kerkregtelike denke wat totaal anders en dikwels ook in stryd is met die

---

[16]) Vgl. Kerkorde van Dordrecht 1619, art. 50.
[17]) Vgl. Kerkorde van Dordrecht 1619, art. 47.
[18]) Vgl. Kerkorde van Dordrecht 1619, art. 41. In art. 42 word bepaal dat dié predikante wat nie deur hulle Kerkraad afgevaardig is nie, wèl die Vergadering mag bywoon en daar 'n adviserende stem het maar nié aan die stemmings mag deelneem nie.
[19]) Vgl. **Algemeen Reglement voor het Bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden**, art. 17.
[20]) A. Dreyer, a.w., bls. 215.

Bybels-reformatoriese teologie van die Kerk, vanaf 1824 stewig ingeplant is in die Suid-Afrikaanse kerklike wêreld.

Daarom gebeur dit dat wanneer die Ned. Hervormde Kerk in die **Zuid-Afrikaanse Republiek** in 1862 eindelik so ver kom om 'n eie Kerkwet op te stel, die gedagte van 'n trapsgewyse verteenwoordiging op die Algemene Kerkvergadering nie genoem word nie. Immers die voorbeelde waarmee die opstellers van die 1862-Wet gewerk het, naamlik die Kaapse Kerkwette van 1824 en 1842, het dié gebruik ook nie geken nie[21]).

Die **Reglementen voor de Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek** het in art. 34 bepaal[22]):

> „De Algemeene Kerkvergadering is zamengesteld uit alle predikanten der ned. Herv. kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek, benevens de helft der dienstdoende ouderlingen en één diaken uit elke gemeente."

Hier is dus 'n spesifieke reëling gemaak ten opsigte van die verteenwoordiging van die verskillende Kerkrade op die Algemene Kerkvergadering. Voor dié beslissing was die verteenwoordiging op die Algemene Kerkvergadering byna „oop" en wel in dié sin dat al die diensdoende Kerkraadslede van die verskillende gemeentes op die Vergadering as lede sitting geneem het. Dit het tot die merkwaardige situasie gelei dat op die eerste aantal Algemene Kerkvergaderings daar méér diakens as òf ouderlinge òf predikante teenwoordig was[23]).

Geleidelik, met die groei van die Kerk, is die getal ouderlinge wat namens 'n Kerkraadsvergadering op die Algemene Kerkvergadering sitting geneem het, verminder. Dit was egter eers die Kerkwet van 1917 wat in art. 8 die getal ouderlinge tot twee uit elke gemeente beperk het[24]). Tog het alle predikante nog sittingsreg behou asook een diaken uit elke gemeente. Die instelling van Ringsvergaderings het hiéraan geen verskil gemaak nie.

Uiteindelik, om maar kort te gaan, het die Algemene Kerkvergadering van 1970 ten opsigte van die samestelling van die

---

21) Wat die Kerkwet van 1842 betref, word in art. 12 bepaal: The general church assembly is composed of all acting ministers in this colony and an acting or retired elder to be nominated by each consistory, with the exception of Cape Town, which may depute two elders. Hierdie Kerkwet kan gevind word in **Statute Law of the Cape of Good Hope comprising the Placaats, Proclamations and Ordinances**, Cape Town 1862, p. 615.

22) Gepubliseer o.a. by J. H. Breytenbach, **Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek**, Kaapstad s.j., Dl. IV, bls. 582 vgg.

23) Vgl. G. B. A. Gerdener. **Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Transgariep**, Kaapstad 1930, bls. 207, 211. Die latere beperking van die getal diakens naamlik een vir elke gemeente is opvallend en ook volkome tereg.

24) **Wetten en Bepalingen voor de Nederduitsch Hervormde Kerk van Zuid-Afrika**, Potchefstroom s.j., bls. 15.

Algemene Kerkvergadering, besluit dat dié Vergadering gevorm sal word deur[25]):

a) die diensdoende predikante van die Kerk;
b) uit elke gemeente van die Kerk, een lid van die Kerkraad;
c) die professore en ander dosente in die teologie vanweë die Kerk met gewone stem;
d) die emeriti-professore, die emeriti-predikante en diegene wat met behoud van predikantstatus uit die diens van die Kerk getree het en die Administrateur van die Kerk, met adviserende stem."

Maar selfs hierdie besluit beteken dat die Algemene Kerkvergadering as dit nou byeengeroep sou word en voltallig byeen sou kom, sou bestaan uit 154 predikante, 245 Kerkraadslede en 6 teologiese professore, 'n totaal van 405 stemgeregtigde lede. Selfs 'n vergadering van meer as 400 lede bly 'n groot en lomp vergadering. Al die besware wat reeds genoem is ten opsigte van die grootte van die Algemene Kerkvergadering bly geldig en ook in 'n vergadering van 400 en meer lede bly die gevaar dat daar groepvorming sal kan plaasvind of dat daar geen volstandige debat sal kan plaasvind nie. Dit kan beteken dat nié die rigtinggewende betekenis van die Woord van God, of die voorbeeld van die apostels of die voortdurende gewoonte van die Kerk die bepalende sal wees nie, maar veel meer kortstondige oorwegings[26]). Al sou dit alles ook nie plaasvind nie beteken dit tog dat die grootte van die vergadering die effektiewe debat en meningswisseling om tot 'n besluit te kom, ernstig kan benadeel. Dit is duidelik dat daar tog 'n ander weg gevolg sal moet word om tot 'n meer sinvolle verkleining van die Algemene Kerkvergadering te kom.

Die Algemene Kerkvergadering van 1967 het in 'n besluit waar oor die verkleining van die Vergadering gehandel is, gestel[27]).

„Die vergadering spreek hom uit ten gunste van 'n verkleining van sy ledetal, en is begerig dat sodanige verkleining in ooreenstemming sal wees met die presbiteriaal-sinodale sisteem van kerkregering."

---

[25]) **Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika**, Pretoria 1970, art. 10.

[26]) Vgl. in hierdie verband G. H. Kersten, **Kerkelijk Handboekje**, Utrecht 1961, blz. 13-14 waar die Wezelse Artikelen, Hfstk. 1, art. XI aangehaal word. Daardie vergadering het daar dié bogenoemde riglyne getrek wat vir die besluite van 'n Algemene Kerkvergadering van normatiewe betekenis sal wees.

[27]) **Notule van die vyf-en-Vyftigste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika**, bls. 179.

Dié besluit het in 1970 aanleiding tot die reeds aangehaalde besluit gegee. Dit is egter duidelik dat selfs die 1970-besluit nié 'n daadwerklike en sinvolle verkleining van die Algemene Kerkvergadering meegebring het nie. Want met die 1970-besluit is so ongeveer teruggekeer na 'n Algemene Kerkvergadering wat min of meer dieselfde getal lede gehad het as in 1954. Toe was die Algemene Kerkvergadering, na die verstandige oordeel van prof. Mulder, reeds vatbaar vir verkleining!

Juis vanweë die feit dat die getal gemeentes van die Kerk voortdurend toeneem èn ook dié getal van die predikantekorps is dit duidelik dat die 1970-besluit 'n kompromis en nie 'n oplossing is nie. Omdat 'n kompromisbesluit in die Kerk gevaarlik is, moet daar ernstige aandag aan die verkleining van die Algemene Vergadering gegee word. Immers 'n kompromisbesluit berus nie soseer op 'n vaste basis nie, maar meer op pragmatiese oorwegings wat net vir die kort termyn van belang is. Terwyl 'n Algemene Vergadering se besluite juis nie bedoel is om net op die kort termyn van belang te wees nie maar besluite wat op grond van die leiding van Jesus Christus geneem is, kan kompromisbesluite nie aanvaar word nie omdat dit met die karakter van 'n Algemene Kerkvergadering nié vereenselwig kan word nie. Daarom is dit noodsaaklik om die hele aangeleentheid van die verkleining van die Algemene Kerkvergadering enigermate uitvoerig onder oë te sien.

Om dit te kan doen, is dit nodig om net 'n oomblik aandag te gee aan die karakter van 'n Sinodale vergadering[28]). Wanneer daar oor 'n Sinodale vergadering gehandel word, is dit nodig om allereers vas te stel dat 'n Sinodale vergadering nié tot die wese van die Kerk behoort nie. 'n Kerk sonder 'n sinodale vergadering kan nog volledig Kerk wees want die **notae ecclesiae,** soos dit in art. 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis geformuleer word, is dat die Kerk dáár te vinde is waar die suiwere prediking van die Evangelie uitgeoefen word, die sakramente soos Christus dit ingestel het, bedien word en die kerklike tug gehandhaaf word. Dit is dan ook opmerklik dat art. 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis alleen na die Kerkraad verwys en die meerdere vergaderings nie noem nie. Tog is die Sinodale vergadering vir 'n landelike Kerk 'n vergadering wat ten nouste saamhang met die welwese van die Kerk. Om die karakter van 'n Sinodale vergadering volledig te omskryf, is vir die doeleindes van hierdie onder-

---

[28]) Aangesien die woord Algemene Kerkvergadering en Sinode feitlik dieselfde beteken, word hier van die woord Sinode gebruik gemaak.

soek nié nodig nie want dit gaan eintlik meer om die vraag na die samestelling van die Sinodale vergadering[29]).

'n Sinode is normaalweg 'n vergadering van ampsdraers en verteenwoordigers van die Kerkraadsvergaderings van die Kerk wat oor gemeenskaplike kerklike en teologiese aangeleenthede besprekings voer en besluite neem om sodoende die Kerk te regeer. Die woord Sinode is 'n afleiding van die Griekse woord **sunódos** wat beteken: vergadering of samekoms. In die kerklike sin kry die begrip Sinode in die sestiende eeu by die reformatoriese vaders die inhoud van 'n wettige kerklike vergadering van ampsdraers van die Kerk in 'n bepaalde provinsie of land[30]).

Dit is egter noodsaaklik om daarop te let dat die Kerkraadsvergadering die primêre vergadering van die ampsdraers in die Kerk is. Want nie alleen is die plaaslike gemeente die „plaaslike en normale verskyningsvorm van die Kerk" nie[31]) maar die plaaslike Kerkraad word ook in art. 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis nader getipeer as gestel word:

> „ . . . en deur hierdie middel (dit is: die Kerkraad) die ware godsdiens te onderhou en te sorg dat die ware leer sy loop het . . . Deur hierdie middel sal alles in die Kerk behoorlik en ordelik uitgevoer word."

Die taak van die Kerkraad is om die gemeente te regeer volgens die Woord en wil van God. Hierin is die Kerkraad as vergadering van ampsdraers egter alleen maar 'n middel want in laaste instansie is dit Jesus Christus sèlf wat sy Kerk regeer. Dit is juis hierdie belydenis wat die reformatoriese presbiteriaal-sinodale Kerkreg en kerklike ordening in eerste en laaste instansie tipeer. As hierdie belydenis-beginsel uit die oog verloor word, vervlak die hele kerklike orde en word die Kerkreg bloot 'n gesprek oor die organisasie en dergelike meer van 'n vrywillige, antroposentries-bepaalde genootskap, soos dit dan ook in die negentiende eeu gebeur het. Daarom moet die Kerk wat tereg sy Formuliere van Enigheid handhaaf ook hierdie belydenis-beginsel in sy kerklike orde handhaaf sodat daar geen hiaat tus-

---

[29]) Dit is noodsaaklik om hier te beklemtoon dat dit hier nie gaan om 'n uitvoerige bespreking van die verhouding van die plaaslike gemeente tot die Sinodale vergadering nie. Hier word slegs 'n aantal opmerkings gemaak en riglyne getrek wat vir die voortgang van argument noodsaaklik is.

[30]) Vgl. in hierdie verband die definisie van 'n Sinodale vergadering soos dit gegee word in die Dordtse Kerkorde 1619, art. 29, 30, 47 en 50. Die uitsonderingsituasie kan ook voorkom dat 'n Sinodale vergadering kan bestaan uit verteenwoordigers van Kerke uit verskillende lande soos dit inderdaad by Dordrtcht 1618-1619 gebeur het. Dié vergadering kan egter eerder as 'n gereformeerde konsilie aangedui word as 'n sinode.

[31]) Vgl. art. II van die Kerkwet van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria 1970.

sen die belydenis van die Kerk, sy geloofsinhoud, en die uiterlike vorm en organisasie van die Kerk ontstaan nie. Juis ook vanweë hierdie vaste punt is die kerklike organisasie en reg nié 'n puurmenslike, rasionele aangeleentheid nie maar gaan dit hier om die vertolking na die praktyk van 'n basiese geloofsmoment. Die belydenis-beginsel dat Jesus Christus as enigste Hoof en Heer van die Kerk sèlf sy Kerk regeer, het 'n direkte betekenis vir die vorm van die orde van die Kerk.

Na sy hemelvaart regeer Jesus Christus sy Kerk deur sy Woord en Gees. Omdat dié Woord verkondig wil word en ook verkondig word, ontstaan daar 'n gemeente rondom die Woord versamel onder één Hoof naamlik Christus self. Hierdie gemeente word deur Gisbertus Voetius omskrywe as[32]):

„grex et populus Domini, domus, civitas, regnum Christi."

Die gemeente self het egter ook, soos dit gestel word in art. 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die taak om vanuit die gemeenskaplike geloof saam met die ander gemeentes 'n gemeenskaplike verband te vind en om so die eenheid van die geloof en die eenheid van die Kerk tot uitdrukking te bring[33]). Omdat die Woord vir alle gemeentes dieselfde is, omdat die gemeentes deur dieselfde Woord regeer word, daarom is dit ook vanselfsprekend dat Kerkrade, die ampsdraers wat geroep is om in 'n vergadering oor die Kerk te regeer[34]), op mekaar aangewys is in die uitoefening van hulle regeertaak. Die inleiding tot die Artikels van Wezel 1568 het hierdie beginsel as volg saamgevat[35]):

> „De Apostel gebiedt dat alles in de Kerke ordentlijk en eerbaarlijk moet toegaan; opdat een eenparige toestemminge in de Kerke blijke en gevonden worde, niet alleen in de Leere, maar ook in deselver ordre en Politie . . . "

Alleen deur middel van meerdere vergaderings kan die eenparigheid in die kerklike regering deur die ampsdraers bewerkstellig word en daarom is die meerdere vergadering ook 'n vanselfsprekendheid. Die Skirftuurlike basis waarop teruggegaan moet word, is byna vanselfsprekend Handelinge 15 waar die Apostels in vergadering byeengekom het om gemeenskaplike probleme te behandel. Soos Voetius dit stel[36]):

---

[32]) G. Voetius, **Politica Ecclasiastica**, 3 partes, 4 volumina, Amstelodami, 1663-1676, I, p. 247.
[33]) J. Calvinus, **Institutio christianae religionis**, IV, 1, 9.
[34]) **Nederlandse Geloofsbelydenis**, art. 30.
[35]) Vgl. G. H. Kersten, a.w., blz. 9.
[36]) G. Voetius, I.c., III, p. 129.

„Ius divinum positivum patescit in praxi et exemplo regiminis Apostolici approbato et consequenter nobis praescripto a Spiritu Sanctu, Act. 15, V. 1-34, unde omnes theologi Christiani probare solent legitimum usum et authiritatem synodorum."

Naas die beroep op Hand. 15 het Voetius vir die bestaan van die meerdere vergadering hom ook nog op Mt. 18:16-18 beroep en daarby gestel dat hierdie aanduiding nie net op die verhouding tussen persone betrekking het nie maar ook uitgebrei kan word om die verhouding van een gemeente tot die ander te omskrywe. Dit beteken dat in ernstige gevalle of probleme wat nie deur die plaaslike Kerkraad alleen afgehandel kan word nie, die saak na 'n meerdere vergadering verwys kan en moet word.

Die meerdere vergadering wat nou as struktuur en organisasievorm in die Kerk na vore kom, is nié 'n nuwe vergadering of 'n nuwe verskyningsvorm van die Kerk langs die plaaslike gemeente nie. Die meerdere vergadering is in beginsel **'n sekondêre vergadering** langs die Kerkraadsvergadering wat in die lewe geroep word om die Kerkraadsvergadering by te staan deur oplossings te vind vir dié probleme en beslissings te neem oor dié aangeleenthede wat die Kerkraad alleen nie afdoende kan uitmaak nie.

Hier is dit egter baie noodsaaklik om die balans te behou. Die moontlikheid bestaan steeds dat die selfstandigheid van die plaaslike Kerkraadsvergadering in Independentistiese of Kongregasionalistiese sin oorbeklemtoon kan word. Dan beland mens vroeër of later by die Wederdopers se opvattings oor die regering van die Kerk. Andersynds is dit ook moontlik om die noodsaaklikheid en goddelike reg van die organisasie van die landelike Kerk so oor te beklemtoon dat die selfstandigheid van die plaaslike Kerkraad byna opgehef word. Dan word die indruk geskep dat die meerdere vergadering die Kerk is en dat die plaaslike gemeente alleen Kerk is in so ver hy deel is en deel vorm van die groter geheel. So 'n opvatting sou direk in stryd wees met die Nederlandse Geloofsbelydenis art. 27-30.

As gestel word dat die meerdere vergaderings **sekondêr** ten opsigte van die Kerkraadsvergadering is, dan word dit só gesien om daarmee die noodsaaklike selfstandigheid van die Kerkraadsvergadering te beklemtoon. As in hierdie verband gepraat word van die selfstandigheid van die gemeente dan wil dit, byna vanselfsprekend, nié beteken dat hier bedoel word: die vryheid van die gemeente nie. Hier moet tog onthou word dat ook in die Nuwe Testament teenoor die plaaslike gemeente nog altyd die oorkoepelende gesaghebbende Apostelamp staan!

Dit is egter nodig om die selfstandigheid van die Kerkraadsvergadering te beklemtoon omdat die neiging al meer na vore kom om aan die meerdere vergadering al meer en meer seggenskap te gee oor aangeleenthede wat primêr by die Kerkraadsvergadering tuishoort en daar afdoende behandel en afgehandel kan en moet word.

Aan die ander kant is dit ook waar dat die Kerkraad van die plaaslike gemeente nie so selfstandig is dat die meerdere vergadering alleen maar as 'n adviserende vergadering beskou kan word nie. Die verbondenheid van die gemeente in 'n breëre kerklike verband berus nie op menslike willekeur of 'n dergelike losse basis nie. Want juis Hand. 15 dui daarop dat netsoos die ontstaan en bestaan van die plaaslike gemeente berus op die **ius divinum,** netso is die meerdere vergadering in die Kerk die resultaat van die gehoorsaamheid van die Kerk aan die leiding en heerskappy van Jesus Christus, die enigste Hoof en Heer van die Kerk. Soos Bouwman in hierdie verband dit stel[37]):

> „God heeft de kerken en de geloovigen aan elkander verbonden door de eenheid, die in Christhs is, en hun den drang ingeplant om elkander met raad en steun te bedien. Hierop berust het recht der kerken om zoo nodig eene synode saam te roepen."

Tog is dit noodsaaklik om daarop te let dat die meerdere vergaderings van die Kerk samekomste is van verteenwoordigers van mindere vergaderings van die Kerk met die oog op die regering van die Kerk. Die klem lê egter nie dáárop dat hulle verteenwoordigers is nie maar dat hulle ampsdraers is. Die meerdere vergaderings is prinsipieel **samekomste van ampsdraers,** naamlik diégene wat gesien moet word as die middel of die organe waardeur Jesus Christus sy Kerk regeer[38]). Immers Jesus Christus regeer sy Kerk middelik deur die ouderlingsamp. Omdat die ouderlinge almal dieselfde diensopdrag het, daarom kom die ouderlinge, in eerste instansie, in 'n Kerkraadsvergadering byeen om hulle opdrag uit te oefen. Die belangrike hier is dat die regering van die Kerk nié berus by die enkeling-ouderling nie, maar **die vergadering van ouderlinge**[39]).

In hierdie lig gesien èn in die voetspoor van Calvyn, is die meerdere vergaderings niks meer as 'n uitbreiding van die Kerkraadsvergadering nie en in wese 'n byeenkoms van ampsdraers

---

[37]) H. Bouwman, **Gereformeerd Kerkrecht,** Kampen 1970, Dl. II, blz. 190.
[38]) Vgl. Ef. 4:11-12.
[39]) Vgl. in hierdie verband art. 1 van die Acta van die Sinode te Emden, asook art. 84 van die Dordtse Kerkorde. G. H. Kersten, **a.w.,** blz. 41 en 193. Vgl. ook ons Kerkwet art. VI wat stel: Sodat die een gemeente nie oor die ander, die een amp nie oor die ander, die een ampsdraer nie oor die ander heerskappy voer nie, kom die ampsdraers in vergadering byeen met die oog op die regering van die Kerk.

wat almal deur God geroep is tot die regeeramp in die Kerk. Dit was juis Calvyn gewees wat die nadruk daarop gelê het dat die ampsdraers, die ouderling in altwee sy verskyningsvorms, 'n vaste regeermag ontvang het saam met die roeping tot en bevestiging in die amp[40]). In die meerdere vergadering word die Kerkraad verteenwoordig deur sy ouderlinge, soos in die Klassikale vergadering, en is dit vanselfsprekend om te stel dat die Kerkraadsvergadering as die primêre ampsdraer-vergadering 'n onontbeerlike voorvereiste vir die regering van die Kerk is[41]). Maar dit beteken nog nie dat die Kerkraad assodanig **konstituerend** is vir die meerdere vergadering in dié sin dat die Kerkraad **afgevaardigdes** na die meerdere vergadering stuur om daar volgens lasbrief of mandaat van die Kerkraad te beraadslaag en te stem nie. Met só 'n opvatting wat veral sterk deur Voetius verdedig is, word die selfstandigheid van die plaaslike gemeente oorbeklemtoon en tekort gedoen aan die feit dat die meerdere vergadering óók 'n Goddelike instelling vir die regering van die Kerk genoem moet word. Ten derde beteken so 'n opvatting dat die vryheid en die leiding van die Gees van God op en in die meerdere vergaderings van die Kerk aan bande gelê word.

Die belangrike vraag is hier: Hoe moet die feit dat die Kerk deur Jesus Christus sèlf regeer word organisatories tot uitdrukking gebring word?

As die standpunt van Voetius aanvaar word, dan val die klemtoon op die vryheid en selfstandigheid van die gemeente en word die Kerkraadsvergadering 'n konstituerende vergadering van die Sinode. Dit beteken dat die afgevaardigde van die Kerkraad alleen op die meerdere vergadering kan verskyn as hy 'n lasbrief of 'n mandaat van die Kerkraad het. Só gesien het die meerdere vergadering dan ook géén eie gesag nie maar alleen 'n gedelegeerde gesag naamlik dié gesag wat hy van die Kerkraadsvergadering ontvang.

Die reformatoriese standpunt was egter steeds dat die gesag van Jesus Christus onaangetas moet bly. Daarom is gestel dat die verteenwoordigers van die Kerkraadsvergadering op die Sinodale vergadering, of enige ander meerdere vergadering, primêr as ampsdraer daar sitting neem. So word die aandag nié gevestig op die vryheid van die gemeente nie maar op die feit dat Jesus Christus, die Hoof en Heer van die Kerk, só sy Kerk regeer deur sy Woord en Gees. Die beklemtoning van die vryheid van die gemeente en die gedagte dat die Kerkraadsvergadering kon-

---

[40]) Vgl. in hierdie geval ook die uiteensetting in die **Formulier vir die Bevestiging van Ouderlinge.**

[41]) Vgl. in hierdie verband ook die beredenering van G. P. L. van der Linde, **Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel**, Potchefstroom 1965, bls. 141-146.

stituerend ten opsigte van die meerdere vergadering is, beteken dat die gedagtewêreld van die parlementêre demokrasie in die Kerkregering en in die kerklike orde ingedra word[42]). Dit moet wesenlik vir 'n reformatoriese Kerk onaanvaarbaar geag word want dit gaan in die Kerk nie om die effektiewe demokrasie nie maar om die tot uitdrukking bring, in sy orde, van sy geloof dat Jesus Christus self sy Kerk regeer. Tog is in die reformatoriese kerklike orde die selfstandigheid van die plaaslike Kerkraadsvergadering behoorlik gerespekteer. Daarom vind ons daar die beginselstandpunt dat in die meerdere vergadering alleen dié dinge beh ndel sal word wat in die mindere vergadering nie afgehandel kan word nie[43]). Dit is 'n voortreflike reëling wat die selfstandigheid van elke kerklike ampsdraervergadering stimuleer en verhoed dat die selfstandigheid van die verskillende vergaderings aangetas word. Jammer genoeg het hierdie beginsel as 'n geformuleerde artikel uit ons Kerkwet weggeraak. Verder is dit met hierdie reëling ook duidelik wat die verhouding tussen die kerklike vergadering moet wees naamlik nié 'n hiërargiese verhouding nie maar verskillende vergaderings langs mekaar wat almal daar is om die Kerk te regeer as middele in die hand van Jesus Christus sèlf.

Daarom het die Kerk tydens die Algemene Kerkvergadering van 1967 ook prinsipieel daarvoor gekies om Voetius se parlementaristiese opvatting te verwerp en die lede van die Algemene Kerkvergadering primêr te sien as ampsdraers wat byeengekom het vir die regering van die Kerk en nié soseer as afgevaardigdes van Kerkrade nie[44]).

Die vraag na die herkoms van die gesag in die Kerk kom hier dus ook nou ter sprake. In die reformatoriese presbiteriaal-sinodale sisteem is die uitgangspunt om die orde van die Kerk so in te rig dat die beginsel duidelik sal wees dat dit Jesus Christus is wat sy Kerk deur sy Woord en Gees regeer. Daarom word beklemtoon dat die amp self gesag het omdat die ampsdraers 'n regeer-opdrag van Jesus Christus ontvang het. Maar dit beteken nié dat die een ampsdraer oor die ander een gesag het nie.

---

[42]) Vgl. H. Vogel, **Wer regiert die Kirche?** artikel in **Theologische Existenz Heute 15**, München 1934, S. 36: In der Kirche geht es aber weder um die Herrschaft des Kirchenvolkes, noch um die Herrschaft des Priesters, sondern um die Alleinherrschaft Jesus Christi. Die Synode, als Versuch, auch in der Gestalt des Kirchenregiments die Alleinherrschaft Jesu Christi im Glaubensgehorzam zu bezeugen, ist gleich weit entfernt von der Hierarchie wie von der Demokratie . . .

[43]) Vgl. in hierdie verband die Dordtse Kerkorde, art. 30.

[44]) Vgl. in hierdie verband die **Notule van die Vyf-en-Vyftigste Algemene Kerkvergadering van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika**, 1967, bls. 184. Sien ook in hierdie verband **Rapport oor die Benaming „Afgevaardigde" na Kerklike Vergaderings**, opgeneem onder VV in die Bylae tot die **Agenda vir die Vyf-en-Vyftigste Algemene Kerkvergadering van die N.H. Kerk**.

Die hoogste gesag in die Kerk word dus nie gevind by 'n so groot moontlike getal plaaslike Kerkraadsvergaderings wat deur middel van afgevaardigdes in 'n vergadering byeenkom nie. Die gesag lê nie menslik-bepaald in die Kerkraadsvergadering nie. Die hoogste gesag lê in 'n Sinodale vergadering wat verteenwoordigend van die amp is en wat nou saamgeskakel is met die ander regerende vergaderings in die Kerk. Só word beklemtoon dat die gesag nié lê by die ampsdraers of die vergaderings nie maar by Jesus Christus en sy Woord, terwyl die ampsdraers dan gesien moet word as die één middel waardeur Jesus Christus sy Kerk regeer. Die veelheid van ampsdraers of die wydste moontlike verteenwoordigende samekoms van ampsdraers is dus nie bepalend vir die gesag van die Sinodale vergadering nie of 'n waarborg daarvoor dat dit Jesus Christus is wat sy Kerk regeer nie. Inteendeel. Dit skep en bevestig eerder die indruk dat die getal of die feit dat elke Kerkraadsvergadering teenwoordig is die waarborg daarvoor is dat die Sinodale vergadering gesaghebbend sal optree. Die gesag van en die waarborg dat die Sinodale vergadering korrek sal optree, besluit en regeer lê egter nie in die hande van die menslike ampsdraers nie en ook nie in die grootte van die vergadering nie maar in die vaste vertroue en geloof dat Jesus Christus self teenwoordig is om deur sy Woord, dus middelik deur die ampsdraers en sy Gees die Kerk te regeer. Daarom is dit in die presbiteriaal-sinodale Kerk vanselfsprekend dat die Sinodale vergadering in geloofsgehoorsaamheid die Woord sal ondersoek, sal bely en sal toepas want alléén so sal die vergadering sy opdrag om die Kerk te regeer werklik reg uitvoer.

Sinodale gesag is en bly dus ook middelike gesag. Die onmiddellike gesag moet egter nie van die plaaslike Kerkraad afgelei word nie. Die onmiddellike gesag berus by Jesus Christus, die Hoof en Heer van sy Kerk[45]).

Hierdie opvatting oor die karakter van die Sinodale en die meerdere vergadering van die Kerk het die vadere gebring by die sisteem van trapsgewyse verteenwoordiging van die mindere vergadering op die meerdere vergaderings. Want dit is nou duidelik dat die vereistes wat in die reformatoriese presbiteriaal-sinodale orde ten opsigte van die meerdere vergaderings gestel word nié die vraag is of hulle demokraties-verteenwoordigend is

---

[45]) Vgl. in hierdie verband A. J. Bronkhorst, **Schrift en Kerkorde**, Den Haag 1947, blz. 265. Sy betoog op blz. 258-269 was in baie opsigte 'n stimulans en 'n leidraad vir die gedagtes wat hier geformuleer word.

nie. Die vraag is of die vergadering verteenwoordigend is van die ampsdraers wat kragtens hulle bevestiging die opdrag van God ontvang het om die Kerk van Jesus Christus te regeer[46]).

Nou is dit waar dat die aangeleentheid van hoe presies 'n Sinodale vergadering saamgestel moet word, uiteraard as **ius humanum** beskou moet word. Daarby moet dit ook tot die middelmatige sake gereken word solank die samestelling nié die reformatoriese beginselstandpunte, soos hierbo uiteengesit, aantas nie. Dit is juis wat gedurende die negentiende eeu gebeur het.

Die invoering van die kollegiale kerkregeringsisteem in Nederland met die Kerkorde wat Koning Willem I in 1816 die Nederlandse Kerk opgelê het, het ook sy gevolge in Suid-Afrika gehad. Want gedurende die negentiende eeu was die invloed van die Nederlandse kerklik-teologiese wêreld op Suid-Afrika nog sterk gewees. Sowel die kerklike ordes wat in 1824 en 1842 in die Kaapkolonie aanvaar is as dié van 1862 en daarna in die ou **Zuid-Afrikaansche Republiek** dra onmiskenbaar die spore van die kollegiale kerklike reg. Met dié invloed het dit byna ook vanselfsprekend gebeur dat die voorbeeld van die demokratiese Staatsinrigting en die daarmee saamgaande parlementaristiese gedagte 'n rol in die Kerk begin speel het. Afgesien van die teologiese bedenkings wat teen die kollegiale kerkregtelike sisteem ingebring moet word[47]) het dit, ook in ons Kerk, veral die karakter van die Sinodale vergadering aangetas. Hoe dit gebeur het en hoe ver dit gegaan het, kan miskien die beste aangetoon word met 'n opmerking van prof. dr. S. P. Engelbrecht uit 1924 wanneer hy, in 'n polemiek met prof. B. B. Keet, as volg betoog[48]):

> „Men is dus de Algemeene Kerkvergadering meer gehoorzaamheid verschuldigd dan aan de plaaslike Kerkraad. Een vergelijking kan gemaakt worden met de Staat. Daar heeft men municipaliteiten, de provinciale raden en het parlement. Nu is het onnodig om te zeggen dat het dwaasheid zou zijn om te beweren dat de municipaliteiten de gehoorzaamheid aan het Parlement zou kunne opzeggen en

---

[46]) Daarom was die diaken in die Nederlandse en ook Skotse, Duitse, Poolse Calvinistiese Kerke normaalweg nié lid van die meerdere vergaderings nie. Die uitsondering in hierdie verband was die Franse Kerk.

[47]) Vgl. in hierdie verband C. J. H. de Wet, **Die Kollegiale Kerkreg**, Amsterdam 1921.

[48]) S. P. Engelbrecht, **De Algemene Kerk en de Plaatselike Gemeente**, artikel in **De Hervormer**, 15 Maart 1924, Pretoria 1924, blz. vii. Verre sy dit van my om in hierdie of in enige verband 'n mening of 'n standpunt van prof. B. B. Keet sondermeer te verdedig. Ek haal Engelbrecht slegs aan om sy standpunt te illustreer en nié om Keet in die betrokke debat gelyk te gee nie.

zich van de Staat zou kunnen afscheiden. Net zo min als de municipaliteit het doen kan, net zo min kan de kerkeraad (de municipaliteit van de Gemeente) zich afscheiden van de Algemene Kerk en de Algemeene Kerkvergadering (het Parlement van de Kerk)."

Hiér word die Sinodale vergadering duidelik gesien as die hoogste en mees gesaghebbende liggaam in die Kerk omdat die Sinodale vergadering op die demokraties-verteenwoordigende manier **die Kerk** verteenwoordig. Hier is die Sinodale vergadering dus 'n tweede verskyningsvorm van die Kerk naas die plaaslike gemeente. Omdat dit so gesien is, daarom is dit so belangrik geag dat elke Kerkraadsvergadering, wat 'n onderdeel van die groter geheel is, deel sal en moet hê aan die Sinodale vergadering. Hier is, veral vanuit die staatsregtelike demokratiese gedagtewêreld geredeneer en die uiteinde daarvan was dat elke diensdoende dienaar van die Woord en elke Kerkraadsvergadering by wyse van afvaardiging, op die Algemene Kerkvergadering teenwoordig moes wees.

In hierdie kerklike orde met sy sterk kollegialistiese inslag, wat feitlik beteken dat die kerklike orde aan die maatstawwe van die rede en staatregtelike begrippe moet konformeer, het die klem natuurlik nié op 'n verantwoorde vergestalting van die Christokrasie nie maar op die effektiewe, demokratiese bestuur van die Kerk wat as 'n vrywillige genootskap verstaan en waardeer is. Hier het dan ook 'n duidelike distansiëring plaasgevind tussen die Kerk se belydenis, soos saamgevat in die Formuliere van Enigheid, wat ten opsigte van die kerkregering en kerklike orde prinsipieel Christokraties dink en die kerklike orde wat antroposentries-demokraties dink. Hier het dus, kerkordelik gesproke, 'n swenking gekom en is 'n bepaalde tradisie in die Kerk gevestig wat nie Bybels verantwoordbaar geag moet word nie. Sodoende is in die Kerk 'n vorm van Sinodale vergadering gevestig wat in homself steeds die moontlikheid gehad het om homself en die verantwoorde uitvoering van sy taak te bemoeilik.

Want in die kollegialisties-bepaalde sisteem gaan dit nié om die verantwoordelike vergestalting van die Christokrasie nie, dit gaan nie primêr om die luister na die Woord van God en die regering van die Kerk volgens die norm en riglyn van die Woord nie, maar om die effektiewe bestuur van die Kerk. Dié kerklike bestuur is dan ook hoofsaaklik gerig op die pragmatiese, op die goeie vooruitgang en welvaart van die Kerk. Aangeleenthede soos

die leer van die Kerk, die handhawing van die geestelike dissipline, die noulettende belydenis van die waarheid van die Evangelie het meer op die agtergrond geraak[49]).

Terselfdertyd het die kollegialistiese invloed beteken dat die Sinodale vergadering demokraties en volgens die beginsels van die parlementarisme saamgestel is. Sodoende het die gedagte posgevat dat die Sinodale vergadering eers dan werklik gesaghebbende is as elke Kerkraadsvergadering daar voldoende verteenwoordig is. Die gedagte dat die Kerk deur Jesus Christus regeer word middelik deur die amp, dit wil sê: die Woord, en onmiddellik deur sy Gees, het ook op die agtergrond geraak. Daarom is Sinodale vergaderings wat al groter geword het maar verdra en is getrag om maar so goed as moontlik dié lomp vergadering te laat funksioneer.

Hoewel die kollegialistiese invloed in die kerklike orde grootliks gereduseer is met die aanvaarding van die Kerkwet van 1951 het daar ten opsigte van die samestelling van die Algemene Kerkvergadering geen besondere verandering gekom nie. Daar is nog bepaal[50]):

> „Die Algemene Kerkvergadering word gevorm deur die diensdoende predikante van die Kerk; hoogstens twee afgevaardigdes, van wie minstens een 'n ouderling moet wees, uit elke gemeente van die Kerk; die hoogleraars in die godgeleerdheid vanweë die Kerk met gewone stem; . . . "

Daar het dus géén verandering gekom in die basis waarop die Algemene Kerkvergadering saamgestel is nie en die demokratiesparlementaristiese beginsel dat elke predikant en elke Kerkraadsvergadering deur middel van sy afvaardiging, sittingsreg op die Algemene Kerkvergadering het, is daarmee bestendig.

Die feit dat **alle** predikante as vanselfsprekend die Algemene Kerkvergadering as volle lede bywoon, skep tog die indruk dat aan die amp van dienaar van die Woord 'n hoër waarde geheg word as aan die amp van ouderling. Dit is natuurlik, gesien vanuit die reformatoriese ampsopvatting, onaanvaarbaar. Behalwe binne die kollegiale kerklike reg, en dan ook net in sommige gevalle,

---

[49]) Juis om hierdie rede was dit moontlik dat die rasionele toleransiebegrip wat die waarheid van die Belydenisskrif relativeer ook in die Kerk kon insluip. In die Nederlandse Kerk het dit gedurende die negentiende eeu 'n drastiese effek gehad omdat die Kerk in verskillende rigtings verdeel is. In hierdie eeu het dit in Nederland aan die sosialisme 'n invalspoort gegee wat in ons dae beteken dat die Kerk in Nederland, volgens sy amptelike uitsprake, al meer en meer beheers word deur sosialistiese beginsels waarby die Evangelie moet aanpas. Gelukkig is in ons Kerk, ook gedurende die vorige eeu, die handhawing van die Belydenis van die Kerk teenoor die afwykende menings, nooit verslap nie. Dit het beteken dat in ons Kerk die waarheid van Gods openbaring nooit opgeskort of gerelativeer is nie.

[50]) Hoofstuk 1, art. 10 van **Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika**, Pretoria s.j., bls. 15.

is dit eintlik 'n uitsonderingssituasie dat alle predikante die Sinodale vergadering as vanselfsprekend sal bywoon en daar sitting sal neem.

Die gesagsbasis in die Kerk is in hierdie kerkordelike reëling, om dit so te stel, in die Kerk self gesoek en daarom is die Algemene Kerkvergadering as hoogste gesaghebbende liggaam in die Kerk ook **gevorm** deur 'n samevoeging van alle predikante en afgevaardigdes uit elke Kerkraad. Byna asof die **vox populi** in die Kerk gelykskakelbaar is met die **Verbum Dei!**

Tiperend in die kollegiale kerkregtelike sisteem is dié situasie natuurlik nie. In Nederland is met die Kerkorde van 1816 die kerklike gesag, wat ook uit die Kerk assodanig afgelei is, in die hande van 'n so klein moontlike getal persone gekonsentreer en is die ouderling byna uit die kerklike bestuur verwyder. Daar het die demokrasie 'n vaste onderdeel van die kerklike orde geword, 'n gebeure wat hom dan ook in die Nederlandse Kerk gewreek het[51]).

Die resultaat van die kollegialistiese invloed op die orde van die Kerk is dan ook dat dit in die Kerk besonder moeilik geword het om 'n verkleining van die Sinodale Vergadering te bespreek sonder om die opmerking te hoor dat enige vorm van verkleining wat die direkte afvaardiging van Kerkraadsvergaderings na die Algemene Kerkvergadering sou aantas, sou neerkom op 'n miskenning van die deur gebruik verkrygde reg dat elke gemeente deur 'n Kerkraadslid op die Algemene Kerkvergadering verteenwoordig sal word[52]).

Die basiese probleem met die verkleining van die Algemene Kerkvergadering bly egter dat die hele aangeleentheid grotendeels vanuit die kollegialistiese beïnvloeding van die verlede benader word en die Kerk dus nog, miskien onbewus, gesien word as 'n vrywillige genootskap waarvan die hoogste bestuursliggaam so demokraties moontlik saamgestel moet word. Daarby moet die verteenwoordiging so breed moontlik wees om sodoende die gesagsbasis van die vergadering nie aan te tas nie[53]).

In wese is die Kerk dan besig om nog steeds homself kerkregtelik of kerkordelik in 'n ander lig te beskou as wat die Kerk oor homself in sy Formuliere van Enigheid bely. Juis hier, met die

---

[51]) Vgl. in hierdie verband J. C. A. van Loon, **Het Algemeen Reglement van 1816**, Wageningen 1942, blz. 187 vgg.

[52]) Vgl. in hierdie verband die verslag van A. J. Nolte, **Moontlike Verkleining van die Algemene Kerkvergadering**, opgeneem as Bylae VIa by die **Agenda vir die Ses-en-Vyftigste Algemene Kerkvergadering van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika**, Pretoria 1970.

[53]) Selfs die Kerkwet van 1970 sien in art. 11 van die Bepalings die Algemene Kerkvergadering nog steeds as die „hoogste bestuursliggaam" en het wat sy formulering hier betref nog maar baie min wegbeweeg van die stanpunt soos deur prof. dr. S. P. Engelbrecht gestel in sy reeds aangehaalde artikel in De Hervormer van Maart 1924.

bespreking van die moontlike verkleining van die Algemene Kerkvergadering, wil dit voorkom dat 'n geleentheid bestaan om, wat die karakter van die meerdere vergaderings van die Kerk betref, die reformatoriese standpunt wéér na vore te laat kom dat die Kerk 'n „heilige vergadering is van ware gelowiges in Christus" wat Jesus Christus as **enigste** Hoof en Heer bely en dien en dat Jesus Christus sèlf sy Kerk deur sy Woord en Gees regeer[54]). Met ander woorde middelik deur die amp, onmiddellik deur sy Gees. Dit beteken dat nié alle ampsdraers lid van die Sinodale vergadering hoef te wees nie en óók nie dat alle Kerkraadsvergaderings op die Sinodale vergadering teenwoordig hoef te wees nie. Want dan gaan dit nie om die **vox populi** dáár te laat spreek nie maar om die uitleef van die belydenis wat die Kerk deur die ampsdraers, wat daartoe geroep is, regeer word en dat die ampsdraers wat die Sinodale vergadering vorm nà sorgvuldige luister na die Woord van God en volstandige besprekings beslissings sal neem wat sal laat blyk dat dit Jesus Christus sèlf is wat sy Kerk regeer. Die taak van die vergadering van ampsdraers is tog, soos die Nederlandse Geloofsbelydenis dit stel om

> „die ware godsdiens te onderhou en te sorg dat die ware leer sy loop het, dat ook die oortreders op geestelike wyse gestraf en in toom gehou word, en dat ook die armes en bedruktes gehelp en getroos word na die maat van hulle behoeftes."

Die opvolgende sin in die Geloofbelydenis is ook van besondere belang in hierdie verband. Daar word gestel:

> „Deur hierdie middel (dit is die vergadering van ampsdraers) sal alles in die Kerk behoorlik en ordelik uitgevoer word wanneer sulke persone gekies word wat getrou is en voldoen aan die reël wat die apostel Paulus daarvoor gee in die brief aan Timotheus."

Vir hierdie taak is die grootste moontlike getal ampsdraers uit so 'n groot hoeveelheid gemeentes as moontlik nié noodsaaklik nie. Al wat belangrik is, is dat 'n Sinodale vergadering byeen sal kom wat met volle verantwoordelikheid en besef van waarmee hulle besig is, die Kerk na die eis van Gods Woord sal regeer. Dáárom word gestel dat die grootte van 'n Sinodale vergadering tot die middelmatige dinge behoort. Dit beteken egter nié dat daarom maar voortgeploeter moet word op 'n weg wat geen werklike uitkoms bied vir die verkleining van die Vergadering nie.

---

[54]) Vgl. die **Nederlandse Geloofsbelydenis**, art. 27.

Soos A. J. Bronkhorst dit stel:

> „In het geloof dat Jesus Christus Zijn ecclesia regeert, onmiddelijk door Zijn Geest, middelijk door Zijn Woord en dus door het ambt, door het presbyteraat in breden zin, heeft het Gereformeerde Protestantisme het gezag in die Kerk gelegd bij de Generale Synode, als samenkomst der alle gemeenten zo goed mogelijk vertegenwoordigende presbyters. Daar ligt dan echter ook het hoogste middelijke gezag in die Kerk van een bepaald land."

Waar dit aanvaar word dat 'n Algemene Kerkvergadering, al sou sy ledetal beperk word tot alle predikante en professore en een ouderling van elke gemeente, nog steeds té groot en lomp is om werklik afdoende oor die aangeleenthede te handel wat voor die Algemene Vergadering geplaas word, sal na 'n moontlikheid gesoek moet word om op 'n ander manier die Algemene Kerkvergadering saam te stel. Terselfdertyd is dit nou ook duidelik dat die demokraties-parlementaristiese opvatting van die kollegiale kerklike reg ook nie houdbaar is nie. Dit beteken dus dat die samestelling van die Algemene Kerkvergadering, soos dit vanaf 1862 tot vandag toe gedoen is, gevoeglik laat vaar kan word. Dit is nou moontlik om weer terug te keer na 'n samestellingsvorm wat die Christokrasie duideliker sal weerspieël en terselfdertyd die sentrale funksie van die amp in die regering van die Kerk weer sal beklemtoon.

In die Nederlandse reformatoriese kerklike praktyk was dit, soos reeds aangetoon is, so dat die Provinsiale Sinodes, wat op hulle beurt weer saamgestel is uit die verteenwoordigers van die Klassikale Vergaderings, die verteenwoordigers vir die Nasionale Sinode benoem het. Aangesien ons Kerk op hierdie stadium nié die struktuur van die Provinsiale of Partikuliere Sinode ken nie, is die beste weg dat verteenwoordigers van die Ringsvergaderings die Algemene Kerkvergadering sal vorm. Dit sal dadelik beteken dat daar tog nog 'n noue verbinding van die Sinodale vergadering met die Kerkraadsvergadering sal wees aangesien die Ringsvergadering jaarliks byeenkom. Gesien die feit dat die Kerk tans oor vier-en-twintig Ringsvergaderings beskik, beteken dit dat as elke Ringsvergadering byvoorbeeld twee predikante en twee ouderlinge na die Algemene Kerkvergadering stuur, die Algemene Kerkvergadering uit slegs 72 lede sal bestaan wat dan nog aangevul kan word deur òf al die professore van die Kerk òf 'n verteenwoordigende getal uit die Vergadering van professore.

---

[55] A. J. Bronkhorst, a.w., blz. 266. Dat dit hier aangehaal word, beteken nie ipso facto dat met elke onderdeel van die aangehaalde argument saamgestem word nie.

Met so 'n reëling moet egter 'n paar faktore in ag geneem word. Die één is die „anti-hiërargiese" klousule van artikel VI van die Kerkwet wat die heerskappy van die een ampsdraer oor die ander en selfs elke sweem daarvan wil vermy[56]). In die Nederlandse reformatoriese kerklike ordes is hierdie probeem opgelos deurdat 'n vaste basis van rotasie ten opsigte van die leiding van meerdere vergaderings en die verteenwoordiging van mindere vergaderings op meerdere vergaderings as beginsel aanvaar is.

'n Praktiese beswaar wat waarskynlik onmiddellik na vore gebring sal word teen so 'n reëling is die sogenaamde noodsaaklikheid om 'n mate van kontinuïteit te bewaar. Maar daarenteen kan gestel word dat die kontinuïteit van kerklike vergaderings nie geleë is in die lede daarvan nie maar juis in die feit dat Jesus Christus as Hoof en Heer van die Kerk erken word en dat sy Woord, die norm en riglyn van alle besprekings en besluite, blywend is.

By die verkleining van die Algemene Kerkvergadering sal andersyds beslis gewaak moet word teen 'n té vergaande verkleining. Dàn ontstaan die moontlikheid dat 'n vorm van oligargie in die Kerk kan ontstaan soos dit in die Nederlandse Kerk na 1816 gebeur het. Juis die vermyding hiervan sal aangehelp word indien daar ook 'n vorm van rotasie sal wees waarvolgens die Ringsvergaderings hulle verteenwoordigers na die Algemene Kerkvergadering stuur. Indien die beginsel van 'n verwisseling van 'n afvaardiging aanvaar word, word die klem nie gelê op die persoonlike bekwaamhede alleen nie (hoewel dit uiteraard belangrik geag moet word) maar op die feit dat dit **ampsdraers** is wat die vergadering vorm. Omdat alle ampsdraers hulle amp van Jesus Christus ontvang het en daarom ook mekaar se gelyke in die amp is en bly, is 'n wisseling van ampsdraers op die Sinodale vergadering juis die beklemtoning daarvan dat dit nie die besondere ampsdraers is wat die Kerk regeer nie maar Jesus Christus wat deur sy Woord en Gees sy Kerk in stand hou en regeer.

'n Verdere moontlikheid wat by die verkleining van die Algemene Kerkvergadering baie ernstig oorweeg kan word, veral as die Algemene Vergadering deur verteenwoordigers van die Ringsvergaderings gevorm word, is of dit dan nie wenslik en miskien selfs noodsaaklik sal wees dat die Algemene Kerkvergadering **jaarliks** byeen sal kom nie. Dit sal twee onmiddellike en voor die hand liggende voordele meebring.

---

[56]) Vgl. in hierdie verband die eerste artikel van die Emdense Kerkorde van 1561.

In die eerste plek sal dit die taak van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in die besonder verlig. Hierdie Kommissie wat in wese 'n kontinueringskommissie van die Algemene Kerkvergadering is[57]) en, behalwe vir die toelating van en tuguitoefening oor die dienaars van die Woord, geen eie bestaansgrond het nie, dra in die periode tussen die sittings van die Algemene Kerkvergadering 'n enorme verantwoordelikheid. Die feit dat die Kommissie 'n breë opdrag van die Algemene Kerkvergadering ontvang het[58]) beteken ook dat die Kommissie in die plek van die Algmene Kerkvergadering kan tree en selfs met sy optrede die Algemene Kerkvergadering kan kompromitteer[59]). Andersyds staan die Kommissie soms voor vraagstukke wat beantwoord moet word en wat in feite alléén deur 'n Algemene Vergadering hanteer kan word. Dit kan die Kommissie in 'n ongemaklike dilemma plaas[60]).

Die tweede voordeel wat genoem kan word, is dat die Algemene Kerkvergadering, wanneer hy jaarliks sou vergader, alle voorkomende sake kan behandel èn afhandel en dit dus nie nodig is dat die Kerk twee of drie jaar vir 'n finale antwoord moet wag nie. Dit sal buitendien beteken dat die hele tempo van werk in die Kerk aanmerklik versnel sal word. Verder kan dit beteken dat 'n groot hoeveelheid van die werk wat tans deur die Organe van Bystand en die Rade gedoen word om die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering by te staan, deur die Algemene Kerkvergadering self gedoen sal kan word.

---

[57]) Vgl. **Bepalings**, art. 14 d.

[58]) Vgl. **Bepalings**, art. 14 a: Om namens die Kerk te spreek, te getuig en op te tree in alle voorvallende sake . . .

[59]) Hier word nié betoog dat die Kommissie dit doen nie, maar die moontlikheid word slegs geopper.

[60]) 'n Voorbeeld is miskien die verhouding van die Kerk tot die Presbiteriaanse Alliansie. Na die Nairobi-vergadering van die liggaam en sy besluit om gedurende 1970 'n vergadering in Suid-Afrika te belê waarheen alle ledekerke van die Presbiteriaanse Alliansie genooi sal word en wat op die oog af dieselfde karakter sal hê as die berugte Cottosloeberaad van Desember 1960, staan die Kommissie voor die ongemaklike vraag of die Kerk se lidmaatskap van dié liggaam gekontinueer moet word, aangesien die Algemene Vergadering in 1961 besluit het om lid van dié liggaam te bly, is dit 'n oop vraag of die Kommissie die Kerk se lidmaatskap kan beëindig. Maar nou lyk dit tog ondoenlik, vanweë die koste daaraan verbonde, om die Algemene Kerkvergadering van 1970 byeen te roep om net oor hierdie saak te besin òf om die aangeleentheid te laat oorstaan tot in 1973. Dergelike situasies kan en het al in die moderne tyd, waar alles soveel vinniger gebeur as in die verlede, voorgeval. Tekenend daarvan is die feit dat waar volgens die Kerkwet van 1862 die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering net een maal per jaar vergader het, die Kommissie deesdae een maal per kwartaal vergader. Ongetwyfeld sal 'n jaarlikse Algemene Kerkvergadering geweldig daartoe bydrae om dié las van sy Kommissie te verlig.

As die Algemene Kerkvergadering jaarliks sou vergader, is dit byna vanselfsprekend dat dié Vergadering in die tweede helfte van die kalenderjaar byeen sal moet kom. Terwyl dit reeds die reël is dat die Ringsvergaderings gedurende die eerste helfte van die jaar byeenkom, sal dit beteken dat die Algemene Kerkvergadering nog in dieselfde jaar alle probleme wat deur die Ringsvergaderings nie hanteer kan word nie, kan behandel. Buitendien sal dit ook beteken dat die Ringsvergaderings betreklik gou nà 'n Algemene Kerkvergadering aandag sal kan gee aan al die sake wat uit die Algemene Kerkvergadering voortgevloei het. Deur so 'n gesonde wisselwerking tussen die Rings- en Algemene Kerkvergadering is dit te voorsien dat alle gemeentes van die Kerk net so goed soos tans die geval is, of miskien selfs beter, op hoogte sal bly van die werk en besluite van die Algemene Kerkvergadering.

'n Laaste argument ten gunste van die hou van 'n jaarlikse Algemene Kerkvergadering is dat dit dan weer moontlik sal wees dat in tugsake 'n beroep op die Algemene Vergadering se oordeel gemaak kan word. Op die oomblik is 'n beroep op die Algemene Vergadering volgens die Bepalings natuurlik moontlik[61]). Die reël egter dat wanneer 'n buitengewone Algemene Vergadering verlang word die beswaarde, indien sy berop nie sou slaag nie, verantwoordelik is vir die helfte van die totale koste van so 'n vergadering, maak dit vir die gewone man bykans onmoontlik om 'n buitengewone sitting van die Algemene Kerkvergadering aan te vra. Dit beteken dus dat met 'n beroep om 'n Algemene Kerkvergadering in hierdie verband 'n beswaarde twee of drie jaar moet wag voordat sy saak finaal afgehandel kan word[62]).

---

[61]) Vgl. **Bepalings**, art. 121.

[62]) Hier kom nog die interessante vraag na vore of die oordeel van 'n mindere vergadering gesuspendeer word totdat die meerdere vergadering uitspraak gegee het. Indien 'n predikant, volgens die oordeel van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering hom skuldig gemaak het aan kettery en hom afgesit het en dié predikant beroep hom op die eersvolgende Algemene Kerkvergadering, kan hy vir dié periode waarop hy wag vir sy appèl om te dien, voortgaan met sy ampswerk in sy gemeente? Wat van die moontlike ontheiliging van die sakrament of die voortgaande verkondiging van dwaalleer? In die Kerkwet van 1970 word hieroor nie uitsluitsel gegee nie maar in ons vroeëre Kerkwette vanaf 1862 staan die reël dat die uitspraak van 'n kerklike vergadering in tugake eers in werking tree nadat die tyd wat gegee word vir appèl verstreke is of nadat die meerdere vergadering uitspraak gegee het. Die Nederlandse reformatoriese kerkreg skep die indruk dat in tugsake die uitspraak van die vergadering wat daaroor gehandel het, dadelik in werking tree maar wèl ter syde gestel kan word deur 'n meerdere vergadering as die uitspraak van die mindere vergadering met Gods Woord in stryd is. Selfs dit skep 'n ongemaklike situasie vir 'n predikant indien die Kommissie hom sou afsit en dié uitspraak in werking tree en die Algemene Kerkvergadering, sê twee jaar later, dié uitspraak sou vernietig. Dit is tog ook 'n onhoudbare situasie.

Alles bymekaar geneem is daar geweldig baie wat pleit vir 'n deeglike verkleining van die Algemene Kerkvergadering en daarmee gepaardgaande 'n bepaling dat die Algemene Kerkvergadering jaarliks byeen sal kom, soos dit ook die geval was in die eerste jare van die Kerk se bestaan in die Oorvaalse.

Terwyl die Kerk van mening is dat die Algemene Vergadering verklein moet word, is hier nou die moontlikheid om terug te keer tot 'n organisatoriese vorm wat deur die reformatoriese Kerk in Nederland uitgewerk is. Daarmee kan die Kerk enersyds op organisatoriese vlak loskom van die kollegiale organisasievorm van die negentiende eeu wat in wese nooit begryp het wat die Bybels-reformatoriese aard en karakter van die Kerk is nie[63]). Andersyds beteken dit dat die Kerk 'n organisasievorm, wat die samestelling van sy Sinodale vergadering betref, aanvaar wat in Nederland in 1568 tot 1816, toe dit sonder medeseggenskap van die Kerk in Nederland opgehef is, goed en doelmatig was.

As dan tenslotte die vraag gestel word of hierdie voorgestelde orde 'n waarborg met hom meebring dat die Kerk trou sal bly aan sy Hoof en Heer, dat die Kerk nooit die Woord van God sal verloën nie, dat die Kerk nie oorweldig sal word deur die gees van hierdie eeu nie, dat die Kerk altyd die dwaasheid van die Kruis sal verkies bó die wysheid van die wêreld, dan lê die antwoord voor die hand. Dit is nie die organisasievorm wat die Kerk sal bewaar nie. Dit leer die geskiedenis en die teologie baie duidelik. Tog is dit so dat die presbiteriaal-sinodale sisteem, ook soos dit hier voorgestel word, daarin slaag om in die Kerk die nadruk te lê op die heerskappy van Jesus Christus as Hoof en Heer van die Kerk. Die prinsipiële gelykheid van alle ampsdraers op die vergaderings wat die Kerk moet regeer, is tog 'n aansporing dat die gehoorsaamheid aan die Woord, die geloofsgehoorsaamheid, die laaste woord sal hê. Ook beklemtoon hierdie organisatoriese vorm dat die verantwoordelikheid nie net by een of twee ampsdraers lê nie, maar deur almal saam gedra moet word. Dat almal saam met mekaar na die Woord van God moet luister wat in die Bybels-reformatoriese Kerk vanselfsprekend die hoogste gesag het. Dit is soos Karl Barth dit gestel het[64]):

> „Die Freiheit des Wortes Gottes und die Legitimität der notwendigen kirchlichen Entscheidungen und Bindungen ist

[63]) Vgl. H. Vogel, a.a.O., S. 34.
[64]) K. Barth, **Gotteserkenntnis und Gottesdienst**, Zollikon 1938, S. 182.

weniger bedrocht, wenn es auch rechtlich geklärt ist, dass nich einige Wenige, sondern Alle in der Kirche zur Wachsamkeit und zur Treue und zwar zu gleich ernster Wachsamkeit und Treue berufen und befähigt sind . . . . "

Die presbiteriaal-sinodale sisteem is en bly tog dié sisteem waarin die opperheerskappy van Jesus Christus, deur sy Woord en Gees, die beste tot sy reg kom. As dit in gedagte gehou word, dan is die bogenoemde oplossing vir die vraag **hoe** die Algemene Kerkvergadering verklein moet word die een wat, alles in ag genome, die beste riglyn bied.